**<u>Vakature: NG Kerk Waverley - Koster</u>**

‘n Vakature as Koster ontstaan met ingang 1 Maart 2026 en wil die gemeente die pos vul met ‘n bekwame persoon.

Die Koster is primêr verantwoordelik vir die doeltreffende beheer en toesig van die kerkgeboue en -terrein.

Die verantwoordelikhede behels in breë die volgende:

- Beheer en versorging van die kerkgeboue en -terrein.
- Verantwoordelik vir toesig t.o.v. die skoonmaker en die terreinwerker.
- Voorbereiding van die kerk en lokale voor eredienste en byeenkomste asook die toesluit van die kerk en lokale.
- Toepassing van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid.
- Aankoop van benodighede asook toesien tot die nodige herstelwerk en instandhouding.
- Beheer van sleutels en kontrole t.o.v. die stoorkamers.

Die salarispakket is onderhandelbaar.

Belangstellendes kan **Dalene Myburgh** kontak by **0615118363** of alternatiewelik hul aansoeke met ‘n volledige CV e-pos aan **ngwaverley@mweb.co.za**

Sluitingsdatum vir aansoeke: 11 Desember 2025